# SOMERSTRAND GEMEENTE
## *Bybelstudie*
# Johannes 17

**Johannes 17:12-19**
**Groei nader aan Mekaar**
**Deur die vreugde van ons Here**

Groei

## Inleiding

**Bybelstudieteks: 1 Thessalonisense 5:9-22**

Die gemeente in Thessalonika het die vyandskap van die wêreld direk beleef. Ons lees in Handelinge 17:1-9 oor die eerste bekeerlinge daar en hoe sleg die Jode van die stad daarop reageer het. Hulle het valshede versprei en vir Paulus by die owerhede daarvan aangekla dat hulle "die wêreld in opstand bring" teen die regering. Paulus moes hierdie jong gemeente ontydig verlaat om op hul eie as jong gelowiges in 'n vyandige wêreld aan te gaan. Hulle geloof was daarom nog teer en uitgelewer aan die aanslae van die wêreld en harde realiteite van die lewe en Christenwees. (Hy skryf o.a. aan hulle oor die vervolging en sosiale verwerping wat hulle verduur, die aanslag van hul eie begeertes en sondige natuur en ook oor die realiteit van die dood wat baie verwar het en hoe om dit te hanteer en daaroor te dink.)

Daarom was hy ekstra besorg oor hulle en het kontak gehou deur boodskappers en briewe soos hierdie.

In hierdie laaste hoofstuk gee hy sy laaste gedagtes oor hoe hulle as geloofsgemeenskap mekaar moet help sodat hulle bewaar en behoue kan bly as kinders van God. (1 Tes. 5:23)

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 17

### Bespreking

**Lees nou die Bybelstudieteks vir hierdie week. Gee geleentheid dat elkeen hul algemene indrukke deel:**

- Wat het jou opgeval en aangespreek?
- Wat is vir jou moeilik en wat verstaan jy dalk nog nie?

**Laat die besprekingsvrae en insette jul nou weer deur die gedeelte lei:**

In vers 9-10 herinner hy hulle aan die vertroosting en hoop wat hulle in die evangelie het en wat hulle juis van die wêreld onderskei. Diegene wat nie hierdie hoop het nie word aan die begin van die hoofstuk beskryf as mense van die 'nag'. Mense wat die sorge van die lewe probeer toemaak onder die soeke na aardse plesier. Tog word hul denkwyse en leefwyse eintlik beskryf as een van wanhopigheid, moedeloosheid en vrees. Maar die gelowiges is mense van die lig, wat leef met 'n wonderlike verwagting en hul daarvoor gereedmaak!

- Watter gewig dra hierdie verse vir mense wat daagliks bedreig word deur die uitdagings/vyandigheid van die lewe en die realiteit van ons sterflikheid?
- Die wat nog wakker is, verwys na die wat nou nog lewe met hierdie verwagting en die wat reeds slaap verwys na gelowiges wat reeds gesterf het. Hoe help vers 11 jou met perspektief op jou eie swaarkry en verliese in die lewe?

# Johannes 17

Die Here weet dat gelowiges ook die swaarkry aan ons lywe voel. Paulus bedoel ook nie dat gelowiges nooit die hartseer van hierdie gebroke wêreld mag aanvoel nie. Maar dat ons sal moed skep en bemoediging en vertroosting in God se beloftes sal kry en mekaar ook daardeur kan bemoedig!

- Lees weer verse 11-15 saam en deel al die maniere wat Paulus noem waarop gelowiges mekaar nou moet help om in die hoop op verlossing te leef.

In die hart van hierdie gedagtegang sit vers 16 wat sê "Wees altyd bly." Maw in die lig van die aanslae en swaarkry in hierdie lewe, behoort die gelowiges mense te wees wat steeds met Jesus se blydskap elke dag lewe. Dit sluit aan by Johannes 17:13 waar Jesus sê dat Hy alles vir sy dissipels gedoen en gesê het sodat hulle Sy 'blydskap' in hulle kan hê. Paulus skryf regdeur die brief aan die Thessalonisense oor die vreugde wat hulle met mekaar deel. (1 Tes 2:19, 3:6,9)

- Gesels met mekaar oor hierdie blydskap en hoe dit in die praktyk werk. 'n Gelowige kan tog nie in elke oomblik glimlag nie?
- Wat help julle om in Jesus se blydskap en vreugde te bly? Sien ook verse 17-22 hieroor.

# SOMERSTRAND GEMEENTE
## Bybelstudie
# Johannes 17

Om verse 21-22 beter te verstaan gee ek 'n eietydse parafrase van die bedoeling: "Lê jul daarop toe om aandagtig na prediking te luister, met 'n agting vir God se Woord en 'n opregte soeke na sy wil. Ondersoek/toets elke woord noukeurig vanuit die Bybel sodat julle kan onderskei en behou wat goed is. Dan sal julle nie wegdryf of mislei word van die waarheid af nie."

## Bid saam

- Bid oor al die dinge wat mense se lewensvreugde in hierdie wêreld steel.
- Bid dat gelowiges in die liefde en vreugde van die Here sal leef as 'n lig in die donker wêreld.
- Bid dat gelowiges getrou sal bly ten spyte van die aanslae op ons geloof en die kerk.
- Bid vir ons sendelinge en spesifiek vir Gerrit en Sonja wat ons Sondag besoek het. Hulle werk onder Turkse vlugtelinge in Nederland.
- Bid oor die verdeeldheid in die wêreld en in die land wat op politieke vlak uitspeel. Vra dat gelowiges se vreugde in die Here 'n salf vir die wonde op daardie vlak sal wees sal wees.

## Diensbaarheid

Die liggaam van Christus is geroep om diensbaar te wees in die wêreld. Gesels en begin solank dink aan 'n aksie of projek waar julle as gesin of groep betrokke kan raak. Vra die Here om vir julle te wys waar Hy julle wil gebruik en waar daar behoefte is.

Vra julleself af: Wat is die ding wat ons as 'n besondere liggaamsdeel kan bied vir die gemeenskap?

# SOMERSTRAND GEMEENTE

## *Bybelstudie*

# Johannes 17

## Bespreking met kinders

| Groep | Onderwerp |
|---|---|
| Graad 8-11 | **Die Vreugde van die Here**<br>Gesels met jou kind oor die olie en water wat nie kan meng nie. Die Graad 4 tot 7 het dit Sondag in die kategese ook bespreek, maar dit sal dalk goed wees om die eksperiment te doen. Gooi water met voedselkleursel gemeng in 'n plastiekbottel. Gooi nou bietjie olie by. Wys vir jou kind dat die olie bo-op die water lê. Skud nou die bottel. Dit lyk of die water en die olie meng, maar wanneer mens ophou om die bottel te skud, styg die olie weer na bo.<br>Dit is hoe ons as Christene in die wêreld is. Soms word ons lewens geskud en dit lyk amper of ons deel is van die wêreld, maar wanneer ons besef dat ons vreugde in die Here lê, kan ons rustiger raak en weer na bo uitstyg.<br><br>Die swaarkry van die wêreld en selfs dit wat ons soms beleef van ander Christene is nie die rede om ons vreugde in die Here te verloor nie. |
| Graad 4-7 | |
| Graad 1-3 | |
| Voorskool | |

**Notas:**

.....................................................................................................................

.....................................................................................................................

.....................................................................................................................

.....................................................................................................................